# Week van Gebed Knysna Dr Daniël de Wet

Die Amerikaanse skrywer Phillip Yancey skryf dat ons dikwels dink gebed is bedoel om God te verander - dat Hy my sal hoor en vir my sal gee wat ek vir myself of ander mense vra. Die waarheid skryf Yancey is egter dat gebed bedoel is om jou en my te verander- om ons meer in lyn te bring met God se doelwitte en prioriteite, om ons oë en harte oop te maak vir waar God reeds aan die werk is sodat ons by sy werk kan inskakel. Gebed is nie bedoel om God op my in te stel nie, maar om my op God in te stel.
Ek het al die sessies bygewoon en besondere groei in my gebedslewe ervaar. Hieronder volg die notas wat ek tydens die sessies gemaak het.ek vertrou jy sal ook baat daarby vind! H

## 22 Jan 2012: Gebed verander My 2 Kron 20:1-21

Op Paassondag 1799 was Napoleon gereed om ‘n dorpie in Oostenryk binne te val. Die mense was doodbang, maar wou tog die Paasfeesklokke soos die gebruik was lui. Napoleon en sy manskappe het nie geweet wat aangaan nie en het op die vlug geslaan!

Josafat glo só onwrikbaar in die wonderkrag van God, dat hy Sy opdragte blindelings navolg en musikante al singende voor die Israelse leërmag laat uitloop en die vyand slaan op die vlug...

Ons het ook al op daardie punt gekom dat mens nie ander kan as om maar net terug te staan van ‘n onmoontlike probleem en aan God oorgee: “Ek kan nie meer nei Here, laat U wil geskied!” Dan “sien ek God se genadige werking” in my lewe raak! “Let go; let God”! Loof die Here!!!!

Let wel, God het nie my gebede nodig nie; ek kan nie vir God met my gebede beweeg of manipuleer nie... My gebed is reaksie op God se dade en beloftes. Dit verander God nie – ek erken daardeur Hy is die lewende, bewegende God! (Fil 4:6)

My opregte gebed verander my!

Yancey skryf “gebed verander nie vir God nie – dit verander MY om in lyn te kom met God se doel vir my lewe.” Dit open my oë dat ek kan sien hoe God werk!

In rugbyterme kan ons ook sê: “God is nie ‘n impakspeler wat op die bank sit en nader geroep word om ‘n verskil te kom maak nie”! God is altyd deel van die “spel van die lewe”! God bepaal die rigting van my lewe

Die soort verhouding wat ek met God het, beïnvloed ook die lewens van ander mense; dit beweeg ander mense. Leiers, by uitstek, word “gevolg in hulle voorbeeld.” Leiers beweeg mense om God te volg – of nie!

Hoe lei ek my kinders en kleinkinders? Is ek ‘n navolgenswaardige voorbeeld? Maak ek hulle lus om vir God te volg? Sit ek hulle dalk af daarvan om God te volg? Wat is die boodskap wat ek uitstuur? Is dit positiewe seine of daalk negatief...?

Ek mag ook maar bang wees; hoef maar net opreg op God vertrou – vir God alleen al die erkenning te gee!

Was ek al daar waar en nie meer kon nie...? Het ek toe maar net gebid: “laat U wil geskied”? Wat het toe gebeur? Het God se plan nie toe oorgeneem en uitkoms gebring nie? Hoekom probeer ek dan so hard om God se “werk” in my lewe oor te neem – hom uit te sluit? “Let go’ let God...”

Is ek dalk nou weer in ‘n doodloopstraat met iets in my lewe? Praat met ‘n vriend; bid saam daaroor; God sal op Sy tyd en op Sy manier uitkoms gee! God maak nie foute nie!

# 23 Jan 2012 Gebed laat my anders wees Kol 3:1-11

Paulus skryf hierdie brief aan mense wat reeds bekeerd en gered is.

Die ondertoon van hierdie gedeelte is iets van “ twee ‘bestuurders’ in my lewe gaan tot chaos lei”! Dis amper soos een afstandbeheerde motortjie wat met twee beheertoestelle in twee mense se hande gestuur word...

Hy skryf dat die Kollosense op Christus se ‘frekwensie’ moet kom; hulle moet dat Hy beheer van hulle lewens oorneem: hulle moet anders word as mense in hierdie wêreld! (v5 e.v.)

Is ons (ek) ‘anders’? Wat sien my kinders en kleinkinders in my lewe? Watse seine stuur ek uit oor bv. seksuele standaarde en TV programme? Hoe bestuur ek my geldsake? Is dit navolgenswaardig vir my nageslag? Laat ek Christus toe om my sake te bestuur – op Sy manier? Of is ek inhalig; gierig? Om te begeer breek al die ander gebooie van God! Egbreuk, doodslag, noem maar op...

As Christus eers in beheer van my lewe, my doen en late is, sal ek agterkom dat ek ‘ander’ is – ek sal dan Christus se ‘kleure dra’; Sy beeld uitdra!

Ook in die kerk kan daar net Een in beheer wees – Christus! Is dit so in ons gemeente en kleingroepe?

Is dit moeilik om ‘anders’ te wees?

Wat beteken dit om in vandag se lewe ‘anders’ te wees?

Kan ek dit regkry? Ek sal moet bid daaroor en vra dat God deur Sy Heilige Gees in my vir my sal wys hoe - en vir my die oortuiging en krag gee om ‘anders’; te wees!

## *‘n Verhaal*

*Meisies by ‘n skool maak hulle lippe rooi en los soene op die spieëls. Die skoonmaker vra die skoolhoof om hulle daaroor aan te spreek Dit help nie... Die skoonmaker wag hulle een oggend in en vra hulle moet asb ophou want dit is baie moeilik om dit skoon te kry. Hy gaan voort om vir hulle te wys: Hy druk die mop in ‘n toilet en probeer met min sukses. Toe dit skoon is, sê hy :”sien julle hoe moet ek sukkel” en stap uit. Die spieëls was nooit wees gesoen nie...!*
*Dit is die verskil tussen “Teaching” en “Education” berig die New Zeeland Herald*

## Hoe vry is ons regtig in Christus?

Besef ons enigsins wat Paulus bedoel met: “Julle is vrygekoop”?
Archimedes het gesukkel met ‘n probleem en terwyl hy in die bad sit “SIEN” hy die oplossing. Hy is só opgewonde dat hy kaal die straat afhardloop en skreeu “Ek het dit! Ek het dit!”
Verstaan ek my vryheid regtig? Weet ek wat dit beteken? Voel ek só vry dat ek opgewonde daaroor is?
Die Bybel verwys nooit na gelowiges as sondaars nie! sondaar is mense wat vyande van God is, maar Jesus het na hierdie wêreld gekom om ook húlle sondes weg te neem – vir húlle vry te maak! Van hulle gelowiges te maak!
Na Jesus se dood en opstanding word gelowiges “heiliges” genoem; kinders van God!

## Hoe bid 'n VRY mens?

- Oordink die Woord dag en nag
- Wees lief vir die Woord van God
- Praat met God oor Sy Woord en wat Hy vir my sê – wat ek hoor!
- Leef die Woord

Ek kan dit slegs doen as en deur die Heilige gees daartoe opgevoed is soos die Korinthiërs deur God en die Heilige Gees opgevoed en toegerus is om vry te wees

## Hoe kan ek die Bybel lees om God se stem te hoor?

Lees **formatief** eerder as **informatief**... [verwys *Lectio Divina*]

- **Lees.** Neem 'n kort stukkie en lees dit elke dag aandagtig totdat iets daarin vir my uitstaan; myy aangryp – al is dit vir 'n hele week lank! Skryf dit neer
- **Reflekteer** oor die "gedagte" TOT EK "HOOR" wat god daardeur vir my sê.
- **Praat** met God daaroor
- **Rus** in God se teenwoordigheid rondom die gedagte...
- **Aksie.** Deel dit wat ek gehoor het met ander tot eer van God! Nie geforseerd nie, doen dit opreg en in alle nederigheid!

**Formatief IS** – Ek glo met my hele hart IN God – ek is Syne!
**Informatief VERSTAAN** - die duiwels weet alles van God en Jesus en die Heilige Gees!
Dan sal ek raaksien wat God vir my wil sê – ek sal vry wees in God en Jesus Christus!

# 24 Jan 2012 Om te Bid en Vry te wees 2 Kor 4:1-6 & 5:11-21

## *'n Verhaal*

*Meisies by 'n skool maak hulle lippe rooi en los soene op die spieëls. Die skoonmaker vra die skoolhoof om hulle daaroor aan te spreek Dit help nie... Die skoonmaker wag hulle een oggend in en vra hulle moet asb ophou want dit is baie moeilik om dit skoon te kry. Hy gaan voort om vir hulle te wys: Hy druk die mop in 'n toilet en probeer met min sukses. Toe dit skoon is, sê hy :"sien julle hoe moet ek sukkel" en stap uit. Die spieëls was nooit wees gesoen nie...!*
*Dit is die verskil tussen "Teaching" en "Education" berig die New Zeeland Herald*

## Hoe vry is ons regtig in Christus?

Besef ons enigsins wat Paulus bedoel met: "Julle is vrygekoop"?
Archimedes het gesukkel met 'n probleem en terwyl hy in die bad sit "SIEN" hy die oplossing. Hy is só opgewonde dat hy kaal die straat afhardloop en skreeu "Ek het dit! Ek het dit!"
Verstaan ek my vryheid regtig? Weet ek wat dit beteken? Voel ek só vry dat ek opgewonde daaroor is?
Die Bybel verwys nooit na gelowiges as sondaars nie! sondaar is mense wat vyande van God is, maar Jesus het na hierdie wêreld gekom om ook húlle sondes weg te neem – vir húlle vry te maak! Van hulle gelowiges te maak!
Na Jesus se dood en opstanding word gelowiges "heiliges" genoem; kinders van God!

### Hoe bid 'n VRY mens?

- Oordink die Woord dag en nag
- Wees lief vir die Woord van God
- Praat met God oor Sy Woord en wat Hy vir my sê – wat ek hoor!
- Leef die Woord

Ek kan dit slegs doen as en deur die Heilige gees daartoe opgevoed is soos die Korinthiërs deur God en die Heilige Gees opgevoed en toegerus is om vry te wees

### Hoe kan ek die Bybel lees om God se stem te hoor?

Lees **formatief** eerder as **informatief**... [verwys *Lectio Divina*]

- **Lees.** Neem 'n kort stukkie en lees dit elke dag aandagtig totdat iets daarin vir my uitstaan; myy aangryp – al is dit vir 'n hele week lank! Skryf dit neer
- **Reflekteer** oor die "gedagte" TOT EK "HOOR" wat god daardeur vir my sê.
- **Praat** met God daaroor
- **Rus** in God se teenwoordigheid rondom die gedagte...
- **Aksie.** Deel dit wat ek gehoor het met ander tot eer van God! Nie geforseerd nie, doen dit opreg en in alle nederigheid!

**Formatief IS** – Ek glo met my hele hart IN God – ek is Syne!
**Informatief VERSTAAN** - die duiwels weet alles van God en Jesus en die Heilige Gees!
Dan sal ek raaksien wat God vir my wil sê – ek sal vry wees in God en Jesus Christus!

## 25 Jan 2012: Om te Bid en te Juig – Hand 16:19-34

Paulus en Silas sit in voetboeie in die tronk – bebloed na erge géseling – en hulle aanbid God en sing tot Sy eer...! Wow!

Iemand het gesê: "As ek geen rede het om sing nie, juis dán moet ek sing – dit beweeg die wêreld"! Ek ken so iemand! Martie Roome sing tussen haar trane deur – losgesange tot Sy eer!

Paulus skryf ook in Ef 5:8 dat ons lofliedere moet sing, want Jesus het mos gekom! Die Heige Gees is my 'koorleier'...

Wanneer ek seer het, moet ek stil raak voor die Here en toelaat dat die Heilige Gees my vervul; my gees oorneem... Dan moet ek gaan sit en skryf wat in my gedagtes opkom oor die almag van God; oor Sy alomteenwoordigheid; oor Sy onvoorwaardelike liefde; oor Sy reddende genade; oor Sy alwetendheid.... Skryf juis dán 'n loflied tot eer van God!

Eer God altyd – ook in moeilike tye!

Om te bid is om te juig – ten spyte van....

## 26 Jan 2012 Om te Bid en te Bou – Matt 6:5-15

Kinders op die strand sal hulle sandkasteeltjies bou en as vreemde kinders wil saambou, sal hulle aanvanklik terugdeins oor die vreemdes wat kom "oorneem', maar sommer gou-gou is die vreemdheid weg en bou almal saam! Grootmense is

anders – hulle sluit vreemdes uit. “Die wat nie by ons behoort nie moet ons nie kom pla nie”. Ons kom goed klaar sonder hulle...

Saambid help om skanse af te breek; help om mense aan “mekaar te laat behoort”. Dan kan en wil ons saam werk en bou aan God se Koningkryk hier op aarde!

Jesus sê in Mattheus 6 dat alles by gebed begin... Hy onderbreek as’tware Sy bergrede om eers vir Sy dissipels te sê: “Wanneer julle bid...” D.w.s. Jesus aanvaar; Hy verwag dat Sy dissipels sál bid!

Wanneer ons in die kerk oor die toekoms besin, of wat ons ookal aanpak, begin altyd by gebed...! Dit is die begin en onderhouding van alles in die kerk van die Here!

Die “Onse Vader”-gebed is só oorbekend aan ons dat ons sommer lukraak oor die woorde ‘gly’ – sonder om te verstaan; te besef wat dit is wat ons bid... Dit begin by **Onse Vader**, ONS/MY Vader – ek is Sy kind! Hy het my Sy kind gemaak en daarom begin alles en draai alles in my lewe rondom God! Maar, ek is Sy kind en soos ‘n kind kan ek na my liefdevolle Vader gaan en met hom praat! Wat ‘n voorreg het ek nie! lees 1 Joh 3:1...” *Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook*.”

Dis die Evangelie van Jesus Christus wat vir ons leer bid – nie “nood” nie! maar ek móét bid! Nie “vir die paviljoen” nie! Ek moet in my binnekamer stil raak voor die Here – daar waar ek Hom kan “hoor”. Daar kan ek myself wees; as ek stotter, is dit reg by God – Hy ken my gedagtes; Sy Heilige Gees bid namens en saam met my tot die Vader.

‘n Laaste gedagte: **God is almal se Vader. Dus behoort ons almal saam aan hom en kan ons werk en bou – vir Hom!**